AKT 15.20

NEEM KENNIS:

- **Voor-aansuiweringsproefbalans = finale proefbalans vir die jaar wat al die transaksies vir die jaar insluit**
- **Daarna word aansuiwerings gedoen om te voldoen aan die AARP beginsels (paring/toevalling, omsigtigheid) → pas die inkomste en uitgawes aan sodat dit net die bedrae vir die huidige finansiële jaar insluit; tel die voorraad en trek af dit wat gesteel, beskadig, onbruikbaar is; verminder die waarde van bates om 'n meer realistiese drawaarde te toon**
- **Boek die aansuiwerings oor na die grootboek, stel daarna die na-aansuiwerings-proefbalans op met die aangepaste bedrae**
- **TOON ALLE BEREKENINGE**

Finansiële jaar: 1 Maart 2016 – 28 Februarie 2017

1. Die volgende rekeninge is ontvang, maar **<u>nog nie betaal nie</u>**:
   - Water en elektrisiteit, R421
   - Telefoon, R399

   STAP 1: Identifiseer die rekeninge en vind bedrae in proefbalans.

   Proefbalans

	DT	KT
Water en elektrisiteit	8 224	
Telefoon	7 663	

   STAP 2: Inkomste of uitgawe? UITGAWE
   STAP 3: Is die totaal in die proefbalans te min of te veel? TE MIN
   STAP 4: Vermeerder die totaal in proefbalans met 'n inskrywing aan dieselfde kant. DT
   STAP 5: Voltooi die dubbelinskrywing, vooruit of opgeloop (agterstallig)? OPGELOOP

   Algemene joernaal

Water en elektrisiteit	421	
Telefoon	399	
Opgelope uitgawe		820

Water en elektrisiteit			
Totaal	8 224		
Opgelope uitgawe	421		
Opgelope uitgawe			
		Water en elektrisiteit	421
		Telefoon	399

2. Skryf ‘n debiteur, S du Toit, se skuld van R470 af as **<u>oninbaar</u>**.

STAP 1: Identifiseer die rekeninge en vind bedrae in proefbalans.

Poefbalans

Debiteurekontrole	9 443	
Oninbare skuld	3 710	

STAP 2: Inkomste of uitgawe? UITGAWE
STAP 3: Is die totaal in die proefbalans te min of te veel? TE MIN
STAP 4: Vermeerder die totaal met ‘n inskrywing aan dieselfde kant. DT
STAP 5: Voltooi die dubbelinskrywing. DEBITEUR

Algemene joernaal

			DEBITEUREKONTROLE	
Oninbare skuld	470			
S d Toit		470		470

Oninbare skuld			
Totaal	3 710		
Debiteure(kontrole)	470		
Debiteurekontrole			
Saldo	9 443	Joernaalkrediete	470

3. Rente op vaste deposito beloop 12% per jaar en is slegs vir die tydperk 1 Maart 2016 **tot 31 Augustus 2016 ontvang**. Bring die laaste 6 maande se rente in berekening.



10 000 x 12% x 6/12 = 600

STAP 1: Identifiseer die rekeninge en vind bedrae in proefbalans.

Poefbalans

Vaste deposito	10 000	
Rente op vaste deposito		600

STAP 2: Inkomste of uitgawe? INKOMSTE
STAP 3: Is die totaal in die proefbalans te min of te veel? TE MIN
STAP 4: Vermeerder die totaal met 'n inskrywing aan dieselfde kant. KT
STAP 5: Voltooi die dubbelinskrywing, vooruit of opgeloop? OPGELOOP

Algemene joernaal

Opgelope inkomste	600	
Rente op vaste deposito		600

Rente op vaste deposito			
		Totaal	600
		Opgelope inkomste	600
Opgelope inkomste			
Rente op VD	600		

4. Die huur beloop R1 350 per maand en die huur vir **Maart 2017 is reeds ontvang**.



17 550 x 1/13 = 1 350

STAP 1: Identifiseer die rekeninge en vind bedrae in proefbalans.

Poefbalans

Huurinkomste		17 550

STAP 2: Inkomste of uitgawe? INKOMSTE
STAP 3: Is die totaal in die proefbalans te min of te veel? TE VEEL
STAP 4: Verminder die totaal met ‘n inskrywing aan teenoorgestelde kant. DT
STAP 5: Voltooi die dubbelinskrywing, vooruit of opgeloop? VOORUIT

Algemene joernaal

Huurinkomste	1 350	
Vooruitontvange inkomste		1 350

Huurinkomste			
Vooruitontvange Ink	1 350	Totaal	17 550
Vooruitontvange Inkomste			
		Huurinkomste	1 350

5. ‘n **Jaarlikse** versekeringspremie van R4 200 is op **1 Oktober 2016 betaal**. Dit is dus vir 7 maande in die volgende finansiële tydperk vooruit betaal.



4 200 x 7/12 = 2 450

STAP 1: Identifiseer die rekeninge en vind bedrae in proefbalans.

Poefbalans

Versekering	7 520	

STAP 2: Inkomste of uitgawe? UITGAWE
STAP 3: Is die totaal in die proefbalans te min of te veel? TE VEEL
STAP 4: Verminder die totaal met ‘n inskrywing aan teenoorgestelde kant. KT
STAP 5: Voltooi die dubbelinskrywing, vooruit of opgeloop? VOORUIT

Algemene joernaal

Vooruitbetaalde uitgawe	2 450	
Versekering		2 450

Versekering			
Totaal	7 520	Vooruitbetaalde Uitg	2 450
Vooruitbetaalde Uitgawe			
Versekering	2 450		

6. **<u>Waardevermindering</u>** moet soos volg in berekening gebring word:
   - Op voertuie teen 20% per jaar op die verminderde saldo
   - Op toerusting teen 10% per jaar op die kosprys

V: (90 000 – 32 550) x 20% = 11 490
T: 32 000 x 10% = 3 200

STAP 1: Identifiseer die rekeninge en vind bedrae in proefbalans.

Poefbalans

Voertuie	90 000	
Toerusting	32 000	
Opgehoopte waardevermindering: V		32 550
Opgehoopte waardevermindering: T		5 800

STAP 2: Inkomste of uitgawe? UITGAWE
STAP 3: Is die totaal in die proefbalans te min of te veel? NUL, SKEP NUWE
STAP 4: Vermeerder die totaal met 'n inskrywing aan DT kant.
STAP 5: Voltooi die dubbelinskrywing? OPGEHOOPTE WAARDEVERMINDERING

Algemene joernaal

Waardevermindering	14 690	
Opgehoopte waardevermindering: V		11 490
Opgehoopte waardevermindering: T		3 200

Waardevermindering			
Op wv: V	11 490		
Op wv: T	3 200		
Opgehoopte waardevermindering: V			
		Saldo	32 550
		Waardevermindering	11 490
Opgehoopte waardevermindering: T			
		Saldo	5 800
		Waardevermindering	3 200